

HulpGIDS

vir die identifisering en voorkoming
van mishandeling van BEJAARDES

*Saamgestel deur Solidariteit Helpende Hand
in samewerking met Helpguide.org*



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

www.helpendehand.co.za | 012 111 8360



Inhoudsopgawe

1	Voorwoord.....	3
2	Inleiding.....	5
3	Mishandeling en verwaarlosing van bejaardes.....	5
4	Wat is bejaardemishandeling?.....	6
5	Die verskillende tipes bejaardemishandeling.....	6
6	Tekens en simptome van bejaardemishandeling.....	8
7	Risikofaktore vir bejaardemishandeling.....	10
8	Voorkoming van mishandeling en verwaarlosing van bejaardes.....	11
9	Aanmelding van bejaardemishandeling.....	12
10	Aanmelding van mishandeling in die huis en selfverwaarlosing.....	14
11	Aanmelding na kantoorure.....	15
12	Hulpbronne.....	16
13	Verwysings.....	17

Voorwoord

Bejaardes is 'n integrale deel van 'n gesin, familie en gemeenskap; en mense wat ervarings en kultuur met ander kan deel.

Mishandeling van bejaardes is 'n groeiende maatskaplike probleem. Dit kom voor in alle lae van die gemeenskap ongeag geslag, geloof, of ekonomiese, etniese, kulturele, of akademiese status.

Daar word met kommer kennis geneem van die groterwordende omvang van die mishandeling van bejaardes. Met die Wet op Ouer Persone, nr. 13 van 2006, neem die regering 'n duidelike standpunt in om die status, regte, welsyn en veiligheid van ouer persone te beskerm. Dit behels die beskerming teen enige vorm van mishandeling, verwaarlosing, viktimisering of vereensaming. Hoofstuk 5 van die betrokke wet handel spesifiek oor beskerming vir ouer persone. Die departement van maatskaplike ontwikkeling het op grond van dié wet 'n protokol oor die bestuur van mishandeling van bejaardes uitgereik. Dit verskaf noodsaaklike riglyne vir alle praktisyns in die bejaardesorgveld.

Voorkoming van en optrede teen die mishandeling van bejaardes

Die voorkoming van mishandeling van bejaardes is 'n omvattende verantwoordelikheid wat die hele gemeenskap insluit. Dit begin op regeringsvlak wat deur wetgewing riglyne aandui en wentel af tot by ouer persone wat ingelig behoort te word oor hul reg tot beskerming ingevolge Wet nr. 13 van 2006. Die proaktiewe rol van bewusmakingsveldtogte teen mishandeling kan nie genoeg beklemtoon word nie.

In ons moderne samelewing is daar verskeie faktore wat bevorderlik kan wees vir misbruik van ouer persone. Die feit dat mense vandag hoër ouderdomme bereik, kan hulle weerlose en maklike slagoffers van misbruik maak. In 2019 is 'n studie deur Solidariteit Helpende Hand geloods. Die ondersoek is in 50 tehuise gedoen en 450 bejaardes het aan die studie deelgeneem. Slegs 34% van die bejaardes het aangetoon dat hul familie hul weekliks besoek.

Die moeilike ekonomiese klimaat en stygende werkloosheid onder jongmense skep die gevaar van finansiële uitbuiting van bejaardes. Dit is tragies dat finansiële uitbuiting van bejaardes meestal in gesinsverband voorkom. Ouer persone is bang om daarvoor te praat en ly dikwels in die geheim onder dié euwel. Stygende koste vir die versorging van ouer persone in versorgingseenhede (oftewel ouetehuse) bring mee dat ouer persone van familie- en ander gemeenskapsondersteuningsbronne afhanklik raak. Welsynsorganisasies kry dikwels aanmeldings van erge verwaarlosing van verswaktes deur families en ander versorgers. Oorsake lê op verskillende vlakke soos die onvermoë om verswakking en agteruitgang te hanteer, gebrek aan kennis, uitputting van versorgers en problematiese gesinsverhoudinge. Talle bejaardes word ook dikwels weerloos gelaat deur volwasse kinders wat hulself oorsee vestig en die versorging van hul bejaarde ouers aan onkundige persone oorlaat.

Klagtes oor moontlike hardhandige behandeling of verwaarlosing van inwoners in ouetehuse kan by die departement van maatskaplike ontwikkeling aangemeld word; wat verplig is om daaraan aandag te gee.

Kragtens Wet nr. 13 van 2006, artikel 26 (1), (2) en (3) rus daar op elke **individu** wat 'n geval van mishandeling of selfs vermeende misbruik van 'n ouer persoon waarneem, die verantwoordelikheid om dit by 'n welsynsorganisasie of polisiekantoor aan te meld.

Hoofstuk 5 van die betrokke wet verstrekk duidelike riglyne oor die optrede teen mishandeling. Die departement van maatskaplike ontwikkeling het ook 'n **nasionale** protokol saamgestel oor die hantering van beplande mishandeling in gevalle waar 'n aandadige skuldig bevind is aan 'n misdryf en volgens die wet strafbaar is. Versorgers wat skuldig bevind is aan mishandeling word van die nasionale register vir tuisversorgers, wat deur die departement van maatskaplike ontwikkeling geadministreer word, geskrap en hulle word toegang tot enige versorging van ouer persone belet.

Vir enige navrae oor die onderwerp, skakel die Raad vir Bejaardes se tolvrye nommer 0800 003 081.

Inleiding

Bejaardes lê Solidariteit Helpende Hand baie na aan die hart. Hierdie groep mense word dikwels vinnig deur die samelewing uitgeskuif en vergeet. Dit lei tot isolasie, depressie, siekte en allerlei ander probleme. Een van die probleme wat geïdentifiseer is, maar soms nie die nodige aandag geniet nie, is die mishandeling van bejaardes. Talle bejaardes bevind hulle in tehuise, hoewel baie tuis versorg word of alleen bly. Die probleem bly egter vir almal dieselfde. Dit is dus vir Solidariteit Helpende Hand van belang om die probleem hok te slaan deur die identifikasie, voorkoming en rapportering van mishandeling sodat ons bejaardes bemagtig om nie slagoffers te wees nie.

Die gemiddelde lewensverwagting van Suid-Afrikaners is tans 61,2 jaar – hoewel dié syfer aansienlik hoër by wit bejaardes is.

Vir baie van ons is die probleem van uitbuiting of mishandeling van bejaardes iets ver verwyder van ons leefwêreld en nie vandag 'n relevante kwessie in ons lewens nie. Maar met statistieke wat daarop wys dat meer en meer Suid-Afrikaners 'n langer lewensverwagting het, is die vooruitsig dat iemand na aan jou binne die volgende dekade geraak kan word deur mishandeling, nie verregaande nie.

Hierdie gids poog om persone wat bejaardes bystaan, besoek of versorg, te help om mishandeling te identifiseer, te voorkom en waar nodig te rapporteer. Dit verduidelik die tipes mishandeling, die tekens van mishandeling en die stappe wat gedoen kan word om bejaardes te help wat reeds daardeur geraak word.

Mishandeling en verwaarlosing van bejaardes

Waarskuwingstekens, risikofaktore, voorkoming en aanmelding van mishandeling

Talle bejaarde persone word mishandel in hul eie huise, in familieledes se huise en selfs in fasiliteite wat vir hulle versorging verantwoordelik is. As jy vermoed dat 'n bejaarde persoon finansiële benadeel word of in 'n risikosituasie is as gevolg van 'n versorger wat nalatig of ooreis is, is dit belangrik om te praat. Kom meer te wete oor die waarskuwingstekens van bejaardemishandeling, wat die risikofaktore is en hoe jy die probleem kan voorkom en aanmeld.

Wat is bejaardemishandeling?

Jou bejaarde buurman of buurvrou

Daar is 'n bejaarde buurvrou met wie jy al jare lank op byeenkomste en blokpartytjies gesels. Wanneer jy haar sien as sy haar pos kom uithaal terwyl jy in die straat stap, loop jy stadiger en groet haar by die posbus. Sy groet ook maar lyk ongemaklik, asof sy jou nie heeltemal herken nie. Jy vra haar oor 'n lelike kneusplek aan haar voorarm. O, net 'n ongeluk, verduidelik sy, die motor se deur het my getref. Sy sê gou tot siens en gaan terug huis toe. Iets is nie pluis met haar nie. Jy dink aan die kneusplek en haar ontwykende gedrag. Wel, sy is al oud, dink jy; dalk is haar verstand nie meer so helder nie. Maar daar is iets anders – iets is nie reg nie.

Namate bejaardes fisies broser word, is hulle minder in staat om afknouery te weerstaan of om terug te veg as hulle aangeval word. Hulle sien of hoor dalk nie meer so goed nie of dink nie meer so helder soos voorheen nie, en dit skep 'n opening vir gewetenlose mense om misbruik te maak van hulle. Verstandelike of liggaamlike kwale kan dit moeilik maak om met hulle saam te woon.

Wêreldwyd word talle bejaardes mishandel: hulle word in belangrike opsigte dikwels benadeel deur die mense wat regstreeks vir hulle versorging verantwoordelik is.

Waar vind bejaardemishandeling plaas?

Bejaardemishandeling vind gewoonlik plaas waar die persoon woon: heel dikwels in die huis, waar die mishandelaars dikwels volwasse kinders of ander familieledes soos kleinkinders is, of ook gades/leuensmaats van bejaardes. Bejaardemishandeling kan ook in 'n institusionele opset plaasvind, veral langtermyn-versorgingsfasiliteite.

Die verskillende tipes bejaardemishandeling

Bejaardemishandeling kom in baie verskillende vorms voor: party behels intimidasie van of dreigemente teen die bejaardes, party behels verwaarlosing, en in ander gevalle finansiële kullery. Die algemeenste vorms word hieronder gedefinieer.

Fisiese mishandeling

Fisiese bejaardemishandeling is die gebruik van nietoevallige geweld teen 'n bejaarde persoon wat tot fisiese pyn, besering of verswakking lei. Hierdie mishandeling sluit in nie net fisiese aanvalle soos slaan of stamp nie, maar ook die onvanpaste gebruik van dwelms, bedwinging of inperking.

Emosionele mishandeling

By emosionele of sielkundige mishandeling praat mense met bejaardes of behandel hulle op 'n manier wat emosionele pyn of ontsteltenis veroorsaak.

Verbale vorms van emosionele bejaardemishandeling sluit in:

- Intimidasie deur te verskree of te dreig;
- Vernedering en bespotting; of
- Bejaardes word gereeld geblameer of hulle word die sondebok gemaak.
- Nieverbale sielkundige bejaardemishandeling kan soos volg geskied:
- Ignoreer die bejaarde persoon.
- Soleer 'n bejaarde van vriende of aktiwiteite.
- Terroriseer of dreig die bejaarde persoon.

Seksuele mishandeling

Seksuele bejaardemishandeling is aanraking van 'n bejaarde persoon sonder die bejaarde se toestemming. Sulke aanraking kan fisiese seksdade behels, maar aktiwiteite soos om vir 'n bejaarde pornografiese materiaal te wys, om die persoon te dwing om na seksdade te kyk of om die bejaarde te ontklee, word ook as seksuele bejaardemishandeling beskou.

Verwaarlosing of verlating deur versorgers

Verwaarlosing is enige aktiewe of passiewe gedrag wat daartoe lei dat daar nie in die bejaarde se basiese behoeftes voldoen word nie. Verwaarlosing en versuim om 'n versorgingsplig teenoor 'n bejaarde na te kom, maak meer as die helfte van alle aangemelde gevalle van bejaardemishandeling uit. Dit kan opsetlik of onopsetlik wees, gegrond op faktore soos onkunde of ontkenning dat 'n bejaarde soveel sorg nodig het.

Finansiële uitbuiting

Dit behels ongemagtigde gebruik van 'n bejaarde persoon se fondse of eiendom, hetsy deur 'n versorger of 'n bedrieër van buite.

'n Gewetenlose versorger kan:

- 'n bejaarde persoon se persoonlike tjeks, kredietkaarte of rekeninge misbruik;
- kontant, inkomstetjeks of huishoudelike items steel;
- die bejaarde se handtekening vervals; of identiteitsdiefstal pleeg.

Tipiese skelmstreke wat op bejaardes gemik is, sluit in:

- Aankondiging van 'n "prys" wat die bejaarde persoon gewen het maar waarvoor geld betaal moet word om dit te eis;
- Bedrieglike liefdadigheidsorganisasies; of
- Beleggingsbedrog.

Gesondheidsorgbedrog en -mishandeling

Dit word gedoen deur onetiese dokters, verpleegkundiges, hospitaalpersoneel en ander professionele versorgers, en voorbeelde van gesondheidsorgbedrog en -mishandeling teen bejaardes sluit in:

- Gesondheidsorg word nie verskaf nie;
- Weerhouding van noodsaaklike medikasie;
- Oordosering of wederregtelike foutiewe toediening van medikasie;
- Opgeblase of dubbele rekeninge vir mediese sorg of dienste;
- Gunslone vir verwysings na ander verskaffers of om sekere middels voor te skryf;
- Oor- of onderdosering van medisyne;
- Aanbeveling van bedrieglike kure vir siektes of ander mediese toestande; of
- Bedrog met mediese fondse.

Tekens en simptome van bejaardemishandeling

Jy sal tekens van bejaardemishandeling aanvanklik dalk nie opmerk of ernstig opneem nie. Dit kan soos simptome van demensie lyk of soos tekens van die bejaarde persoon se broosheid – of versorgers kan dit so vir jou verduidelik. Baie van die tekens en simptome van bejaardemishandeling oorvleuel inderdaad met simptome van verstandelike agteruitgang, maar dit beteken nie jy moet dit ignoreer as die versorger so sê nie.

Algemene tekens van mishandeling

Die volgende is waarskuwingstekens van die een of ander soort bejaardemishandeling:

- Herhaalde argumente of spanning tussen die versorger en die bejaarde persoon.
- Veranderinge in persoonlikheid of gedrag van die bejaarde.

As jy bejaardemishandeling vermoed maar nie seker is nie, let op na die volgende fisiese en gedragstekens:

Fisiese mishandeling

- Onverklaarbare tekens van besering soos kneusplekke, slaanmerke of littekens, veral as dit simmetries aan twee kante van die liggaam voorkom;
- Gebreekte bene, verstuitings of ontwrigtings;
- Vermelding van oordosis medisyne of skynbare versuim om medikasie gereeld te neem (meer voorskryfpille bly oor as wat daar behoort te wees);
- Stukkende brillense of –rame;
- Tekens van vasmaak, soos toumerke aan gewigte; of
- Versorger weier om jou toe te laat om die bejaarde alleen te sien.

Emosionele mishandeling

Benewens die algemene tekens hierbo sluit aanduidings van emosionele bejaardemishandeling die volgende in:

- Dreigende, afkrakende of beherende gedrag van die versorger wat jy opmerk; of
- Gedrag van die bejaarde wat soos demensie lyk, soos heen en weer wieg, suig of by hom-/haarself mompel.

Seksuele mishandeling

- Kneusplekke aan borste of geslagsdele;
- Onverklaarbare veneriese siekte of genitale infeksies;
- Onverklaarbare vaginale of anale bloeding; of
- Geskeurde, gevlekte of bebloede onderklere.

Verwaarlosing deur versorgers of selfverwaarlosing

- Ongewone gewigsverlies, wanvoeding, ontwatering;
- Onbehandelde fisiese probleme, soos bedsere;
- Onhigiëniese lewenstoestande: vullis, weeluse, vuil beddegoed en klere;
- Word vuil gelos of nie gebad nie;
- Onvanpaste klere of bedekking vir die weer;
- Onveilige lewenstoestande (geen verwarming of lopende water nie; foutiewe elektriese bedrading, ander brandgevaar); of
- Verlating van die bejaarde in 'n openbare plek.

Finansiële uitbuiting

- Beduidende onttrekkings uit die bejaarde se rekenings;
- Skielike veranderinge in die bejaarde se finansiële situasie;
- Items of kontant verdwyn uit die bejaarde se huishouding;
- Verdagte veranderinge in testamente, volmagte, titelaktes en polisse;
- Byvoeging van name op die bejaarde se handtekeningkaart;
- Onbetaalde rekeninge of gebrek aan mediese sorg, hoewel die bejaarde genoeg geld het om daarvoor te betaal;
- Finansiële aktiwiteit wat die bejaarde nie kon gedoen het nie, soos 'n kitsbankonttrekking terwyl die rekeninghouer bedlêend is; of
- Onnodige dienste, goedere of voorskrifte.

Gesondheidsorgbedrog en -mishandeling

- Duplikaatrekeninge vir dieselfde mediese diens of toestel;
- Bewys van oor- of ondertoediening van medikasie;
- Bewys van ontoereikende sorg wanneer rekeninge ten volle betaal is; of
- Probleme met die versorgingsfasiliteit: swak opgeleide, swak betaalde of te min personeel; oorbevolking; ontoereikende reaksies op vroeë versorging.

Risikofaktore vir bejaardemishandeling

Alhoewel Solidariteit Helpende Hand die versorging van bejaardes deur hul eie gades, volwasse kinders en ander familie voor staan, kan dit wel baie spanning en konflik meebring, indien daar nie genoegsame ondersteuning aan die persone verskaf word nie. Dit is moeilik om 'n bejaarde met baie verskillende behoeftes te versorg, en dit is moeilik om 'n bejaarde te wees wanneer ouderdom tot swakheid en afhanklikheid lei. Die eise van versorging en die behoeftes van bejaardes kan situasies skep waar mishandeling makliker kan voorkom.

Risikofaktore by versorgers

Baie nieprofessionele versorgers – gades, volwasse kinders, ander familieleden en vriende – vind die versorging van 'n bejaarde bevredigend en verrykend. Die verantwoordelikhede en eise van die versorging van bejaardes, wat toeneem namate die bejaarde se toestand verswak, kan egter ook uiters stresvol wees. Die stres van die versorging van 'n bejaarde kan lei tot fisiese en geestesgesondheidsprobleme by versorgers wat kan veroorsaak dat hulle uitbrand, ongeduldig word en hulself nie kan keer om teen bejaardes in hulle sorg uit te vaar nie.

Beduidende risikofaktore vir bejaardemishandeling by versorgers is die volgende:

- Onvermoë om stres te hanteer (gebrek aan veerkrag);
- Depressie, wat algemeen is onder versorgers;
- Gebrek aan ondersteuning van ander potensiële versorgers;
- Die versorger se persepsie dat die versorging van die bejaarde 'n las is sonder sielkundige beloning; of
- Middelmisbruik.

Selfs versorgers in 'n institusionele opset kan stres ervaar op vlakke wat tot bejaardemishandeling lei. Personeel in verpleeginrigtings kan tot bejaardemishandeling geneig wees as hulle swak opgelei is, te veel verantwoordelikhede het, nie vir versorging geskik is nie of in swak toestand werk.

Die bejaarde se toestand en geskiedenis

Verskeie faktore rakende bejaardes self, hoewel dit nie 'n verskoning vir mishandeling is nie, bepaal of hulle 'n groter risiko van mishandeling loop:

- Die intensiteit van 'n bejaarde persoon se siekte, demensie of Alzheimersiekte
- Sosiale isolasie – die bejaarde en die versorger is die meeste van die tyd alleen bymekaar
- Mate van verswakking of gestremdheid
- Die bejaarde se rol in die verlede as 'n mishandelende ouer of gade
- 'n Geskiedenis van gesinsgeweld in die huis
- Die bejaarde se eie geneigdheid tot verbale of fisiese aggressie
- Die bejaarde se beperkte kommunikasievermoë

In baie gevalle is bejaardemishandeling onopsetlik, hoewel werklik. Versorgers wat tot bo hulle vermoëns of sielkundige hulpbronne gedryf word, bedoel dalk nie om te skree of te slaan of om die behoeftes van die bejaardes in hulle sorg te ignoreer nie. Hierdie tipe gedrag mag egter nie ontsien word nie en die nodige ondersteuning en opleiding moet aan die versorgers gebied word.

Voorkoming van mishandeling en verwaarloosing van bejaardes

Om bejaardemishandeling te voorkom, beteken om drie dinge te doen:

- Luister na bejaardes en hulle versorgers.
- Gryp in wanneer jy bejaardemishandeling vermoed.
- Voed ander mense op oor hoe om bejaardemishandeling te herken en aan **te meld**.

Wat jy as versorger kan doen om bejaardemishandeling te voorkom

As jy oorweldig word deur die eise van die versorging van 'n bejaarde, doen die volgende:

- Kry hulp, van vriende, familie of plaaslike bejaardesorgliggame soos Age-in-Action, sodat jy 'n blaaskans kan kry, al is dit net 'n paar uur.
- Kry 'n dagsorgprogram vir volwassenes.
- Bly gesond en kry mediese sorg vir jouself wanneer nodig.
- Pas stresverlagingspraktyke toe.
- Kry berading vir depressie, wat tot bejaardemishandeling kan lei.
- Kry 'n steungroep vir versorgers van bejaardes.
- As jy 'n probleem met dwelm- of alkoholmisbruik het, kry hulp.

En onthou, die bejaardemishandeling-hulplyn bied hulp vir versorgers ook aan. Skakel 'n hulplyn as jy dink daar is 'n moontlikheid dat jy tot bejaardemishandeling kan oorgaan. Die tolvrye nommer vir die **Age-in-Action-hulplyn is 0800 333 231**.

Wat jy as 'n besorgde vriend of familielid kan doen

- Let op na waarskuwingstekens wat 'n aanduiding van bejaardemishandeling kan wees. As jy mishandeling vermoed, meld dit aan.
- Kyk na die bejaarde se medikasie. Stem die hoeveelheid in die houer ooreen met die datum van die voorskrif?
- Let op na moontlike finansiële mishandeling. Vra vir die bejaarde of jy bankrekening en kredietkaartstate kan nagaan vir ongemagtigde transaksies.
- Skakel en besoek so dikwels as wat jy kan. Help die bejaarde om jou as 'n betroubare vertroueling te beskou.
- Bied aan om by die bejaarde te bly sodat die versorger 'n blaaskans kan kry – op 'n gereelde basis, indien moontlik.

Beskerm jouself, as 'n bejaarde, teen bejaardemishandeling

- Maak seker jou finansiële en regsake is in orde. As dit nie is nie, kry professionele hulp om dit in orde te kry, met behulp van 'n betroubare vriend of familielid, indien nodig.
- Behou kontak met familie en vriende en moenie geïsoleerd raak nie.
- As jy ontevrede is met die versorging wat jy kry, hetsy in jou eie huis of in 'n sorgfasiliteit, praat. Sê vir iemand wat jy vertrou en vra vir die persoon om die mishandeling, verwaarlosing of substandaardversorging aan te meld by 'n bejaardemishandeling-hulplyn, of doen dit self.
- Skakel **Age-in-Action se tolvrye hulplyn by 0800 333 231** om die hulp te kry wat jy nodig het.

Laastens, as jy nie in 'n posisie is om 'n bejaarde self te help nie, kan jy vrywillige werk doen of geld skenk vir die opvoeding van mense oor bejaardemishandeling, en jy kan druk uitoefen om wette en polisiëring te versterk sodat bejaardemishandeling makliker ondersoek en vervolgd kan word. Die lewe wat jy red, kan dalk later jou eie wees.

Aanmelding van bejaardemishandeling

As jy 'n bejaarde is wat mishandel, verwaarloos of uitgebuit word, sê dit vir ten minste een persoon. Sê dit vir jou dokter, 'n vriend of 'n familielid wat jy vertrou. Of skakel **Age-in-Action se tolvrye hulplyn by 0800 333 231** om die hulp te kry wat jy nodig het.

As jy sien dat 'n bejaarde mishandel of verwaarloos word, moenie huiwer om die situasie aan te meld nie. Moenie aanvaar dat iemand anders daarna sal omsien nie, of dat die persoon wat mishandel word, self hulp kan kry as hy of sy dit regtig nodig het nie.

Baie bejaardes meld nie hulle mishandeling aan nie, selfs al kan hulle. Party vrees vergelding van die versorger, en ander dink as hulle die mishandelaars aanmeld, sal niemand anders na hulle omsien nie. As die versorgers hulle kinders is, is hulle dalk skaam dat hulle kinders verkeerd teenoor hulle optree of hulle blameer hulself: "As ek 'n beter ouer was toe hulle jonger was, sou dit nie gebeur het nie." Of hulle wil eenvoudig nie hê die kinders vir wie hulle lief is, moet met die gereg bots nie.

Hoe kan ek bejaardemishandeling aanmeld?

Een van die volgende wyses kan gevolg word:

- Indien jy van mening is dat die bejaarde in lewensgevaar verkeer, moet die mishandeling onmiddellik by die SAPD aangemeld word.
- Bejaardes in sorgfasiliteit:
 - » Indien die mishandeling deur 'n versorger plaasvind, moet dit onmiddellik by die bestuurder van die sorgfasiliteit aangemeld word. Die bestuurder is dan wetlik verplig om die saak aan te meld.
 - » Indien die sorgfasiliteit nie die mishandeling aanmeld nie en jy vermoed dat die mishandeling voortduur, moet jy dit by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aanmeld.

- Skakel **Age-in-Action se tolvrye hulplyn by 0800 333 231** om die hulp te kry wat jy nodig het. Die organisasie se rol is om gevalle van mishandeling te ondersoek, in te gryp en dienste en advies aan te bied.
- Meld dit by die plaaslike kantore van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aan. Indien dit telefonies aangemeld word, moet dit met 'n e-pos opgevolg word en 'n bewys van ontvangs moet verkry word.
- Meld dit by jou naaste maatskaplike organisasie aan, opgevolg deur 'n e-pos en bewys van ontvangs.

Waarom is dit vir Solidariteit Helpende Hand van groot belang dat bejaardemishandeling op die regte wyse aangemeld word?

- Deur bejaardemishandeling by die regte organisasies aan te meld en die regte prosedures te volg verseker ons spoedige optrede;.
- Voorkom ons verdere mishandeling en verwaarlosing van bejaardes;.
- Voorkom ons dat fopnuus deur die publiek versprei word;.
- Kan ons spoedig en meer effektief ware noodsituasies aanspreek;.
- Voorkom ons dat ledepersone van die publiek hulself deur swendelary verryk.

Wanneer jy bejaardemishandeling aanmeld, is daar egter 'n paar belangrike dinge om te onthou, om seker te maak dat jy in verskillende situasies doeltreffend kan kommunikeer:

Wenk 1: Wees so spesifiek as moontlik in jou beskrywing.

Jy het nie "**harde bewyse**" nodig om mishandeling aan te meld nie. In baie situasies kan mishandeling subtiel wees of geleidelik plaasvind. Maar hoe meer spesifieke besonderhede jy kan verskaf, hoe duideliker word die prentjie van mishandeling. Byvoorbeeld, as jy besorg is dat jou buurman homself nie versorg nie, pleks daarvan om te sê "My buurman vind dit moeilik om vir homself te sorg," sê liewers "Ek merk op dat my buurman elke dag dieselfde klere dra en dit lyk baie vuil. As ek by die deur kom, ruik ek urine en selfs ontlasting. Die huis ruik ook asof daar vullis ophoop."

Wenk 2: Maak seker dat die mishandeling ondersoek word.

Alle aanmeldings moet binne 48 uur (2 werksdae) opgevolg word en by die naaste kantore van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Raad van Bejaardes, Age-in-Action of enige ander gesinsorgorganisasie op die wetlike voorgeskrewe wyse (Guideline 14) aangemeld word. Indien die aanmelding telefonies aangemeld is, moet dit met 'n e-pos opgevolg word.

Wenk 3: Aanvaar dat die bejaarde die reg het om dienste te weier.

Hoe pynlik dit ook al is, tensy die bejaarde persoon nie meer die verstandelike vermoë het om self besluite te neem nie, het hy of sy die reg om hulp van die hand te wys. Bejaardes kan weier om te erken dat hulle mishandel word omdat hulle bang is die versorger sal vergelding toepas, of omdat hulle bekommerd is oor wie na hulle sal omsien as die versorger wat hulle mishandel, verwyder word. Ongelukkig kan 'n bejaarde van mening wees dat 'n versorger wat hom of haar mishandel, beter is as om geen versorger te hê nie en om gedwing te word om uit sy of haar eie huis te verskuif. In sulke situasies, as dit veilig is vir jou om dit te doen, behou kontak met die bejaarde en moedig hom of haar aan om alternatiewe vir tuisversorging te oorweeg. Byvoorbeeld:

- Besoeke aan fasiliteite met ondersteunende dienste of ander fasiliteite, sonder enige onmiddellike druk om te skuif, kan help om mites te verdryf of om die bejaarde se vrese oor verskuiwing uit die weg te ruim.
- Dienste op 'n proefbasis kan die bejaardes help om die positiewe veranderinge te sien wat hulle kan hê en kan hulle meer ontvanklik vir verandering maak. Byvoorbeeld, as selfverwaarlosing 'n kwessie is, moedig hulle aan om vir 'n maand 'n huishoudster te kry, of 'n paar weke lank 'n afleweringdiens vir etes.
- As die bejaarde en die versorger kontak met steundienste behou, kan dit help om gevoelens van isolasie en depressie te verminder, twee groot risikofaktore vir bejaardemishandeling. En hoe meer steun daar vir die bejaarde en die versorger is, hoe meer oë sal daar wees om op te let vir enige waarskuwingstekens van mishandeling.
- As 'n familieversorger van mishandeling verdink word, kan ander familieledede dalk die beste kans hê om die bejaarde te oorreed om alternatiewe sorg te oorweeg.

Wenk 3: Hou jou oë en ore oop.

As jy later steeds voorvalle van mishandeling sien, meld dit steeds aan. Elke berig van bejaardemishandeling is 'n aanduiding van wat aangaan. Hoe meer inligting jy kan verstrek, hoe groter is die kans dat die bejaarde die vlak van versorging sal kry wat hy of sy nodig het. Bejaardes kan toenemend geïsoleer raak van die samelewing, en omdat hy of sy nie skool of werk toe gaan nie, kan gevalle van mishandeling maklik vir lang tydperke nie opgemerk word nie.

Aanmelding van mishandeling in die huis en selfverwaarlosing

Twee van die algemeenste bronne van bejaardemishandeling is mishandeling deur 'n primêre versorger – dikwels 'n volwasse kind – en selfverwaarlosing. Hier is 'n paar wenke om sulke situasies te hanteer.

Bejaardemishandeling in die huis

- Probeer om verskillende familieledede of neutrale partye by die bejaarde se versorging te betrek ten einde wigte en teenwigte te verskaf, ook om die finansies na te gaan. Hoe groter die kognitiewe of fisiese verswakking van die bejaarde, hoe meer mense moet by sy of haar versorging betrek word. Hoewel daar geen verskoning vir mishandeling is nie, kan versorging uiters veeleisend wees, verstandelik en liggaamlik. As 'n versorger geen blaaskans kry nie, onderbroke slaap kry of sy of haar eie gesondheidsprobleme ondervind, is daar 'n groter risiko van bejaardemishandeling.
- Gevoelens van skaamte kan dikwels meebring dat bejaardemishandeling verborge bly. Jy wil dalk nie glo dat 'n familielid sover kan gaan om 'n geliefde te mishandel nie, of jy kan selfs dink die bejaarde sal vir jou kwaad wees as jy die kwessie opper. Maar onthou, almal verdien om met waardigheid en respek te lewe. Hoe vroeër jy ingryp in 'n situasie van bejaardemishandeling, hoe beter sal die uitkoms vir alle betrokkenes wees.

Let op na algemene risikofaktore vir bejaardemishandeling in die huis

- Middelmisbruik kan 'n uitwerking hê op 'n versorger se vermoë om toereikende versorging te gee. Dit vergroot ook die risiko van finansiële mishandeling as die versorger sukkel om 'n middelmisbruikgewoonte te finansier.
- 'n Geskiedenis van gesinsgeweld of ander geweld kan dikwels 'n merker wees vir bejaardemishandeling later in die lewe.

Selfverwaarlosing

U kan dalk opmerk dat 'n bejaarde familielid, vriend of buurman/buurvrou wat alleen woon, hulself nie meer versorg nie. Hulle lyk toenemend verslons, toon swak basiese persoonlike higiëne, of hulle huis word al hoe vuiler. In baie gevalle van selfverwaarlosing sal die bejaarde weier om hulp te aanvaar. Daar is egter steeds dinge wat jy kan doen om te help.

- Onthou, enige bejaarde verdien waardigheid en respek. Hy of sy is dalk in ontkenning, voel skaam om hulp te vra of is bekommerd omdat hy of sy die huis sal moet verlaat. Hou aan om die bejaarde **te besoek**, selfs al word jy afgejak. Kry ander persone om hulle gevoelens van besorgdheid teenoor die bejaarde uit te spreek. 'n Portuurgenoot of 'n neutrale party, soos 'n bestuurder van geriatrisiese versorging, het soms 'n beter kans om 'n deurbraak te maak.
- Maak seker die bejaarde het kontak met mediese dienste. Selfverwaarlosing kan 'n teken van depressie, rou, demensie of ander mediese probleme wees. As jy die persoon se dokter ken, kan jy jou kommer deel. Hoewel die dokter nie die saak met jou mag bespreek as jy nie die bejaarde se toestemming het nie, kan jy 'n brief skryf of skakel om seker te maak jou kwellings word gehoor.

Aanmelding na kantoorure

Indien die bejaardemishandeling na-ure of tydens publieke vakansiedae aangemeld moet word, kan die Kinderbeskermingsdienste en die SAPS gekontak word. Die kinderbeskermingsorganisasie en die SAPD is dan verplig om die aanmelding so spoedig moontlik na die regte organisasies te verwys.

Hulpbronne

Bejaardemishandeling-hulplyn en -kitslyn:

- Age-In- Action
0800 333 231
- Halt Elder Abuse Line (HEAL)
0800 00 30 81

Gauteng

- Raad van Bejaardes – Pretoria
012 542 2805
- Raad van Bejaardes – Centurion
012 644 5745

Wes-Kaap

- Action on Elder Abuse SA
021 426 5255
e-pos: action@actiononelderabusesa.co.za
of pat@actiononelderabusesa.co.za
- South African Human Rights Commission (Western Cape)
Kontak: Shafeeqah Salie
021 426 2277
e-pos: ssalie@sahrc.org.za
of sahrcinfo@sahrc.org.za

Verwysings

- Wet op Ouer persone, Wet 13 van 2006
- Regulasies op die Wet op Ouer persone: no. 29346 Government Gazette, 2 Nov 2006
- Protocol on management of elder abuse, April 2010.

Webtuiste: www.socdev.gov



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

www.helpendehand.co.za | 012 111 8360